Diskriminasie

Grafika: **SALOMÉ NOURSE**

Skewe Woord

RIAN **VAN HEERDEN**

Verstaan jy diskriminasie? Weet jy werklik hoe dit voel? Dink jy dit kom bloot neer op 'n nors gesig agter die toonbank by Binnelandse Sake? Is dit net dat jy oorgesien word vir bevordering of sukkel om werk te kry? Is dit al?

Ja, daar is sommige van ons wat selektiewe diskriminasie verstaan – daar is gewoonlik die een of ander aspek van ons lewens waar ons voel ons dit ervaar. Regstellende aksie word gewoonlik as voorbeeld hiervan voorgehou en ja, daar is geen twyfel dat dit diskriminasie is nie.

Hierdie kanker het al heelwat huisgesinne verwoes, ongekende ellende veroorsaak. En as Jimmy Manyi, voorsitter van die Black Management Forum en direkteur-generaal van die departement van arbeid, sy sin kry, sal dit voortduur totdat die arbeidsmark presies die rassesamestelling van Suid-Afrika weerspieël.

Maar is dít die ware essensie van diskriminasie?

Sommige mense meen daar word teen Afrikaans gediskrimineer. Werklik?

Dalk is dit een van die beste dinge wat met jou kan gebeur om in Engels op tersiêre vlak onderrig te word. My magtig, jy betree immers binnekort die beroepswêreld. Wie het jy gedink gaan jou kliënte wees? Net mense wat Afrikaans magtig is?

Kom, gee Afrikaans meer krediet as om te dink dit gaan verdwyn bloot omdat 'n handboek op universiteit in Engels is of omdat op MK gepraat word van *tracks* en *hits*. Ons taal is sterker as ooit. "Diskriminasie" daarteen het bloot beteken dit is gelykgestel aan al die ander tale – en gelykstelling, liewe leser, is nie diskriminasie nie.

Verstaan jy met jou bleek vel, bevoorregte opvoeding, dik *steaks* op die vuur en malvapoeding op Sondae werklik wat diskriminasie is? Het jy dit al aan jou bas gevoel?

Was daar al 'n parkbankie waarop jy nie mag gesit het nie of 'n see waarin jy nie mag geswem het nie? Moes jy 'n pasboek dra en 'n aandklok gehoorsaam?

Het jy jou eie bord en beker onder die *sink* gehad? Jou eie lepel? (Net soms is jy mos 'n vurk gegun . . .)

Het almal gedink jy is dom en gevaarlik oor jou velkleur? Ja, mense het dalk al op jou neergesien omdat jy in Boksburg bly of arm grootgeword het en gedink het polonie is 'n voedselgroep. Maar stel jou voor, al is jy aangetrek in die beste pak klere, al het jy gestudeer aan Oxford, dat almal wat jou iewers sien instap onmiddellik wonder: "Wat maak die k****r hier? Wil seker iets steel . . ."

Stel jou voor daar is teen jou gediskrimineer oor iets waarin jy géén keuse gehad het nie. Stel jou voor die beste werk wat jou ma kon kry, was om iemand se vloere en skottelgoed te was, se kinders se doeke om te ruil, se toilette te skrop – en vir jou pa was dit 'n myn of 'n tuin.

Wat sal jy doen met hierdie beelde wat in jou psige ingebrand is? Sal jy nie vat wat jy kan sodat jy nooit dáár opeindig nie? Hoeveel is genoeg? Totdat daar nie meer oor is om te vat nie . . .

♦♦♦

Wat maak dit van my? Die groot liberaal? Nee, liewe leser, so onlangs soos 1992 het ek verstom in my rooi Mini by 'n garage gestaar na 'n swart pompjoggie wat my nie "baas" genoem het nie. In Pretoria . . . Nelson Mandela was reeds vrygelaat . . .

Ek het geen kontak met swart mense gehad nie (behalwe toe ons Sondagskoolklas een Sondag, baie benoud, 'n kerkdiens in Mamelodi bygewoon het). My eerste behoorlike gesprekke met mense van ander rasse het ek eers in my eerste jaar op universiteit begin voer.

Ek was verstom oor die ooreenkomste tussen ons, maar het steeds 'n traan op Andries Treurnicht se begrafnis gestort. Steeds was my begrip van diskriminasie maar vaag. Steeds die onkunde.

Hier is my teorie: Die draaie wat die lewe met jou loop, die aantal kere wat jy jou kop stamp, sal voortduur totdat jy uiteindelik geleer het wat jy moet. Só was dit met my.

Verstaan ek diskriminasie? Diskriminasie op grond van iets wat jy nie kan verander nie? Ek het nou 'n baie beter begrip.

Hoewel nie een van ons *whiteys* vandag ooit die ware boosheid daarvan sal kan verstaan nie omdat nie een van ons van voorregte ontneem is van 1948 af nie, het ek dit aan my bas begin voel. Diskriminasie is nou net meer subtiel.

Daar word gepraat van "Groenewalds" en "duikpakke" en daar word goed gesê soos: "Ek het niks teen gays nie, hulle moet my net uitlos." En as al die mans by 'n tafel opstaan om badkamer toe te gaan en jy wil saam, verander hulle skielik van plan . . . Subtiel.

Ons onkunde is ons ondergang. Nog erger is ons volgehoue vasberadenheid om God daarby in te sleep. Om regverdiging in Sy Boek te soek vir ons oorskryding van die tweede grootste gebod: naasteliefde.

Dit is dieselfde klomp wat glo dat Noag elk van 1 263 186 spesies (rein diere sewe pare, onrein diere een paar en voëls sewe pare elk, Gen 7: 1 - 4) in 'n houtark ingepas het (en dan laat ons maar die plante uit).

Ons moet ooreenkomste soek en nie verskille nie. Ons moet waak teen diskriminasie en nie kenmerke van enkelinge toedien aan 'n hele groep nie. Al is dit moerse moeilik.

Maar as ons boodskap duidelik is dat ons medemenslikheid eerste nastreef, sál dit beantwoord word. Respek met respek.

O ja, as jy lus is om vir my uit een of ander Bybelversie aan te haal, begin sommer by Lukas 6:37.

<<14

50ste herdenking het sowat 80, en ook van ons oudoffisiere, by SAS Unitie byeengekom en na Robbeneiland oorgevaar. Die Sub Depot was toe nog in 'n baie goeie toestand. In Mei verlede jaar het 12 Swans die afsluiting van die Swans-vereniging ná 60 jaar se bestaan in die Admiraliteitshuis in Simonstad gevier," het Sweetnam aan *Erfenis* vertel.

♦♦♦

Een van die belangrikste en gelykwaardigste militêre opelugmuseums by Kaapstad wat hopelik ook in die nabye toekoms gerestoureer en as toerismebestemming gerehabiliteer gaan word, is Fort Wynyard op die Groenpuntse meent en langs die nuwe sportstadion wat vir aanstaande jaar se Wêreldbekersokkertoernooi afgerond word.

Fort Wynyard kan as kusverdedigingspos as die tweelingsuster van Robbeneiland beskou word. Die Kaapse stadsbeplanners en militêre bewaringslui het dié verklaarde erfenisterrein geruime tyd reeds op hul agenda. Die nodige finansies ontbreek egter nog om dit tot sy reg te laat kom.

Luidens die navorsing van dr. Dan Sleigh, die historikus en wêreldkundige van die VOC-tydperk, staan die fondamente van Fort Wynyard op die eertydse Galgeheuwel, waar die lyke van tereggestelde misdadigers op die *buitengerecht* aan galge ten toon gestel is. Matrose van inkomende skepe is daardeur gewaarsku dat reg en orde aan die Kaap die Goeie Hoop met 'n ysterhand toegepas word en dat oortreders min genade en fel strawwe te wagte kan wees.

In 1795, net voordat die Britte die Kaap die eerste keer met geweld afgeneem het, is die galge verwyder en is 'n battery met vier 24 ponder-kanonne daar aangelê. Dié kusverdedigingsvesting wat die ingang na die Kaapse hawegebied moes bewaak, is toe Fort Kyk-in-de-Pot genoem.

Sleigh skryf die Britse owerheid het bandiete van die Breekwater-tronk daar naby laat aantree om die fort te verbeter. Die werk het in Februarie 1862 begin, en 'n maand later is 'n battery van vyf 68-ponders voltooi. Dit is deur Kaapse vrywilligers beman. Die vesting is na die pas-afgetrede waarnemende goewerneur, Robert Wynyard, genoem. Daar was ook 'n magasyn waar buskruit gemeng, ladings in sakkies uitgemeet, bomme gelaai en vuurwerk vervaardig is.

Fort Wynyard is van toe af gereeld met meer en swaarder kanonne verbeter. Dit is deur die Royal Garrison Artillery en die Royal Engineers beman.

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 is die Britse kanonniers teruggeroep om in Europa te veg. In hul plek is twee nuwe eenhede, die Cape Garrison Artillery en die Cape Fortress Engineers, gestig om die Kaap teen die vyand te verdedig. By Fort Wynyard is skutters opgelei en skepe geëien en, wanneer nodig, deursoek. Hulle het skietoefeninge na drywende vlotte in Tafelbaai gehou.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is Fort Wynyard deur artilleriste van die Kaapse Korps beman, en spesialiste van die vrouehulpdienste het dag en nag die stiptafels en ander toerusting waarmee rigting en afstand bepaal en die kanonne elektronies gerig word, bedien. Hulle het ook met Robbeneiland en ander kusverdedigingsposte aan die Kaapse kus geskakel.

Op die Groenpuntse meent, net langs die Hoofweg, was die kamp vir lede van die Swans. Die kamp het uit kantore, kasernes, pakhuise, 'n kombuis, eetsaal, ontspanningsaal en paradeterrein bestaan.

Veldmaarskalk J.C. (Jan) Smuts het gelas dat militêre skoue, die sogenaamde Liberty Cavalcades, landwyd in die groot stede aangebied word om rekrutering te bevorder en Suid-Afrika se betrokkenheid by die Geallieerde magte te demonstreer.

Die "W.P. Liberty Cavalcade", wat een vierkante myl beslaan het, is van 25 Maart tot 1 April 1944 by Fort Wynyard en elders op die Groenpuntse meent gehou. Op die Parade in Kaapstad is 'n kleurryke massaparade gehou, waarna die deelnemende regimente agter hul orkeste aan deur die strate gemarsjeer het.

Op 'n skildery deur maj. G. Taylor (hierby met vergunning van die Oorlogsmuseum in Johannesburg afgebeeld) kan die omvang van die militêre skou gesien word. Daar was kanonne, voertuie, vliegtuie en selfs die brug van 'n mynveër-oorlogskip.

Genl.-maj. Graham Moodie, bevelvoerder van Robbeneiland in die oorlog.

Die Weermag se Museumdiens het Fort Wynyard in 1975 in 'n opelugmuseum van kus- en lugafweergeskut omskep. Adj. H.J. Kokott, wat van 1968 af artefakte versamel en bewaar het, het toegesien dat dié erfenisterrein in 1976 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Die restourasie van die geboue en terrein is teen 1987 voltooi. Die museum, met sy binne- en opelug-uitstallings, se eerste kurator was kdr. W.M. Bisset, die huidige hoof van die SA Vlootmuseum in Simonstad.

Tans word die terrein en geboue op eie koste deur oudlede van die Cape Garrison Artillery en die Burgermag netjies gehou, maar dit gaan tog stelselmatig agteruit weens 'n gebrek aan voldoende geld, skryf dr. Sleigh.

♦♦♦

Mnr. Andries Rossouw van Stellenbosch wat ná die Tweede Wêreldoorlog by die instandhouding van die Robbeneiland-kanonne betrokke was – *Erfenis* het sy verhaal verlede week weergegee – sê daarin was enkele onjuisthede: Die 12 ponder-kanon was nie 'n lugafweerkanon nie, maar is wel in die kusartillerie teen skepe of duikbote gebruik. In 1954 was daar 33 Mariniers en 80 Vloot-kwekelinge by die Mariniers-en-Vloot-gimnasium by Saldanha. Die Mariniers is in 1955-'56 ontbind. Van toe af was daar net Vloot-personeel op Robbeneiland. Die projektiele van die 9,2 duim-kanonne het 172 kg geweeg.

♦♦♦

Die projekbestuurder André vom Hagen doen 'n beroep op lesers wat inligting en foto's van die Kaapse kusverdedigingstelsel, veral op Robbeneiland, besit, om met hom in aanraking te kom. Hy wil ook kontak maak met lede van die Kaapse Korps wat van 1942 tot 1944 op Robbeneiland was, asook met lede van die vrouebystandsdienste, veral lede van ASWAAS en die Swans.

Sy epos-adres is andre@mlbarch.co.za, en sy telefoonnommers is ☎ 021 462 0170 of ☎ 083 671 0696.